Sondag 31 Mei
Skrifgedeelte: Lukas 24:1-12
Fokusgedeelte: Lukas 24:6-7
"Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek"

Vroue met eerbare bedoelinge, maar hulle vind 'n leë graf en daarmee die verleentheid dat hulle weet nie wat hulle daarvan moet dink nie. Dan bring die manne met blink klere die twyfelagtige, maar blye boodskap: Hy is uit die dood opgewek!

Nadat hulle herinner is aan Jesus se woorde (Luk. 9:22), kom die jubelende blydskap en opgewondenheid oor die grootse genade van God. Jesus het waarlik opgestaan! Watter klimaks na al die droefheid!

Maar as hulle hul haas om die groot nuus aan die, tot nog toe passiewe, dissipels oor te vertel, word hulle met ongeloof begroet. Tog het Petrus vinnig na die graf gegaan om as verdere getuie te bevestig dat die graf leeg is. Net die doeke dien as bewys dat iets buitengewoon groots gebeur het, want dit dui daarop dat Jesus nie verwyder of "gesteel" is nie. 'n Bevestiging van God se genadewerk deur sy Heilige Gees.

Die grootsheid van die opstandingsnuus word hiermee bevestig. Vir almal was dit aanvanklik "ongelooflik" vreemd en onverwags – soos ook vir die Emmausgangers later, maar as die werklikheid van die opstanding hulle oë open, is daar ongekende vreugde en opgewonde blydskap.

Genade onbeskryflik groot! Laat ons dit besef en in dankbaarheid ons lewe leef.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*